

PINKSTERSONDAG

23 Mei 2021

Joh 16:5-15



“Hy sal julle in die Waarheid lei”

Skeidingsangs

- Omtrent so op 5 maande, begin ‘n babatjie die “waar’s hy, waar’s hy, dáár’s hy” speletjie vreeslik te geniet. Hierdie speletjie help eintlik met ‘n belangrike ontwikkelingstadium van ‘n babatjie. Dit vestig die konsep van “voorwerp-permanensie” by die babatjie, met ander woorde die babatjie leer dat selfs as sy ‘n voorwerp (byvoorbeeld die moeder) nie kan sien nie, is die voorwerp steeds daar. In die geval van die moeder, kan dit dus ook skeidingsangs verminder, want al is my ma nie by my nie, is sy steeds daar en sorg sy steeds vir my.
- Die dissipels luister baie selektief. Die oomblik toe Jesus vir hulle verduidelik dat hy na sy Vader toe sal gaan, luister hulle nie eers verder nie. Skeidingsangs oorweldig hulle. As ons maar net wil kláár luister na wat Jesus sê!
- Jesus se droom vir sy Koninkryk is soveel groter as die klein kringetjie waarin sy dissipels veilig gevoel het. Jesus se prentjie van God is soveel groter. Waar al die idees oor gode in sy tyd “territoriaal” was (‘n God vir elke plek en elke volk) sien Jesus Homself hier as die klippe in God se dam wat uitrimpel, maar hoe verder hoe

meer ‘n tsunami van God se liefde in die ganse wêreld word.

Die “Parakleet”

- As die dissipels maar net wil klaar luister, sal hulle hoor van die “parakleet” – letterlik die “een wat geroep is om te kom bystaan”. En so word ons tot ‘n nuwe verstaan van die Gees van God gebring. Die Een wat chaos ontwar aan die begin van die Skepping, die Een wat rus op die profete sodat hulle met insig en moed God se lens op die wêreld kom neersit, is nou die Een wat nader aan ons kom as wat ons aan onself is. Ja, eintlik ons van onself kom bevry en ons losmaak vir diens. Hy is die een van wie Paulus later skryf: “Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.” (2 Tim 1:7)



- Waar die woord “parakleet” ook dikwels vertaal word as Voorspraak, Advokaat, Trooster en Raadgewer, is dit belangrik om te verstaan hoe Johannes hier die woord gebruik in sy weergawe van Jesus se gesels met sy dissipels. Hierdie is Johannes se Pinksterverhaal en anders as Lukas se vertelling van die uitstorting van die Gees in Handeling 2, wat met stormwinde, tonge van vuur en die talewonder gepaard gegaan het, is Johannes se verhaal Jesus se intieme gesprek met sy dissipels in Joh 13-17 waar hy hulle voorberei. Die gesprek begin waar Jesus sy dissipels se voete was in hoofstuk 13 en dit eindig waar Jesus vir sy dissipels bid in hoofstuk 17.
- Waar ons dikwels die Heilige Gees se rol individualiseer (Hy moet my troos, Hy moet my bystaan, Hy moet vir my intree), is Jesus se verduideliking veel ruimer. Hy noem die Gees ‘n “ander parakleet”. Want Hy is die eerste parakleet. Jesus is die Een wat geroep is en gestuur is om langs die Vader te staan en die hart en gedagtes van God vir sy Skepping te openbaar. Net so staan die Gees nou langs die Vader én Jesus (die Gees is die Gees van Christus) om die hart en gedagtes van Vader en Seun te openbaar en verder te neem.
- Jesus sê dus: “Ek het gekom, ek is gestuur; die Gees sal kom, ek sal Hom stuur”, “Ek het vir julle vertel; Hy sal vir julle vertel”, “Ek is die weg en waarheid; Hy is die Gees van die waarheid”, “Ek het gekom om die wêreld te red, Hy sal die wêreld oortuig van sonde”, ensovoorts.
- En so is die Gees die een wat die stokkie oorvat by Jesus en deel van ons word om in ons en deur ons God se waarheid te

leef. Ons het gesien wat Jesus doen, die Gees sal ons daaraan herinner, en ons sal nou sy werk voortsit.

Ont-Dek

- “Waarheid” is dan juis waaroor die werk van die Gees gaan. Dit wat deur sonde bedek is, moet ont-dek word (die “deksel” moet afgehaal word). Die werk van die Gees deur Jesus se dissipels word nie om “veroordelend” (“judgmental”) te wees nie, maar om die werklike magteloosheid van selfsug en die dood te ontmasker en die “reg” te verkondig.
- Jesus sê ons sal nie alles dadelik begryp nie. Ons kyk maar met oogklappe aan, maar ons moet wakker wees. Die Gees sal voortdurend aan ons verkondig, ons herinner, ons oë oopmaak vir dit wat in onself en in ons wêreld beperkend en versmorend is en waar die varsheid en nuutheid van God in ons lewens en wêreld instroom.

A-ha

- Jesus leer sy dissipels om A-ha oomblikke om elke hoek en draai te verwag, soos wat hulle die pad met sy Gees verder stap. Die Heilige Gees sal praat en “a-ha”, skielik sal dit sin maak wat Jesus gesê het. Die Heilige Gees sal in vasgeloopte situasies insig gee en skielik, a-ha, sal God se perspektief voor my ontvou.
- Maar dan moet ek dit verwag, bereid wees om dinge anders te sien en anders te doen. Gelukkig is ons is nie alleen nie! En eintlik moet ons maar net doen soos Jesus – begin altyd die gesprek met die lewe en die wêreld met voetewas en eindig altyd met gebed. Daartoe inspireer die Gees.